# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

20 Februarie 2026 Uitgawe: 6/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Ons is reeds in die helfte van die eerste kwartaal en almal is nou gewoond aan die nuwe roetine. Die buitemuurse program is stampvol met rugby, krieket, swem en atletiek waaraan reeds kompeterend deelgeneem is. Intussen vind daar reeds vandag hokkieproewe plaas vir die o/12 & o/13 ouderdomsgroepe met die oog op die kies van toerspanne.

Die onderwysers werk ook kliphard in die klaskamers aan die akademiese vaardighede van ons leerders. Daar is reeds met assessering begin by die grondslagfase. Gereelde afwesighede by veral die kleiner leerders maak dit moeilik vir die onderwysers wanneer daar geassesseer word. Afwesighede moet asb. beperk word.

‘n Groot bekommernis wat ons tans ervaar in die seniorfase, is die feit dat die leerders nie getrou hul huiswerk doen nie. Ek rig dus ‘n vriendelike dog ernstige versoek aan ouers dat jul asb. die kinders sal kontroleer en motiveer om hul huiswerk getrou te doen. Soos tydens die oueraand aan die begin van die jaar deurgegee is met die bespreking van die gedragskode, gaan daar ernstig opgetree word teenoor leerders wat nalaat om hul werk te doen. Leerders moet hulself goed voorberei vir die toetsreeks wat reeds op 10 Maart begin.

**“Oupa- en Oumadag”**

Op Vrydag, 27 Februarie vind ons 3-jaarlikse “oupa- en oumadag” op die A-rugbyveld plaas. Ons het reeds meer as 540 oupas en oumas wat hierdie dag gaan bywoon. Ongelukkig het die karri-betalings reeds gesluit en is daar nie meer plek nie. Die skool kan ongelukkig nie nog mense akkommodeer nie. Bestellings is reeds met verskaffers vasgemaak en ongelukkig moet die skool by spertye hou. Ouers, indien die skool vra vir inligting, inhandiging van briewe en betaling van gelde, let asb. op spertye. Dit maak dit vir almal makliker. Baie dankie vir u samewerking. **Let asb. daarop dat die skool op Vrydag, 27 Februarie om 13h00 vir alle leerders (Gr. 1-7) sal verdaag a.g.v. al die besoekers.** Nasorg gaan egter normaal voort.

**Interprimêre Swemgala**

Baie geluk aan al ons Tjokkie-swemmers wat die afgelope week aan die Inter Primêre Swemgala by die stadion deelgeneem het. Daar was baie goeie swem en heelwat van ons leerders het puik presteer (sien uitslae aangeheg).

**Vroeë sluiting**

Op 26 Februarie vind ons eie Tjokkies Mini-gala plaas vir leerders in die Grondslagfase. Skole van reg oor die stad neem aan hierdie dag deel. Die gala begin stiptelik om 14:00 en skole meld reeds om 13:30 aan. Om die verkeersvloei en parkering probleem te hanteer, is ek **genoodsaak om die skool amptelik om 13:00 vir alle leerders, Gr.1-7 te laat verdaag.** Let wel dat nasorgstudie normaal voortgaan.

**Motheo Xhariep Atletiekbyeenkoms**


Baie sterkte aan die 51 atlete wat deurgedring het na die Motheo-Xhariep Atletiekbyeenkoms (Suid-Vrystaat Kampioenskappe) wat volgende Vrydag by die stadion plaasvind. Ons hou vir julle styf duime vas.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 20 Feb.: | o/9 & o/11 Rugbyproewe (inligting reeds gekommunikeer) |
| | o/12 & o/13 Hokkieproewe (UFS) |
| 21 Feb.: | Nautilus 1 |
| 23 Feb.: | o/9 Krieketliga |
| | Beheerliggaam vergadering |
| 24 Feb.: | o/11 Krieketliga |
| 25 Feb.: | Klas- en individuele foto's word geneem |
| | Ken-mekaar-braai saam met ouers (18:00) |
| 26 Feb.: | Tjokkies Mini-gala |
| 27 Feb.: | Oupa- en Oumadag (Inwyding van opgeknapte Sportbadkamers) |
| | Motheo-Xhariep Atletiekbyeenkoms |
| | Voortrekker kommandokamp |

## VERJAARSDAE

21 Feb.: Mev. Annelize Pieters (Finansies)






## MAMMAS WAT BID

**Duursame Vrede**

JOHANNES 14:27 AFR53
[27] Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Wie soek nié vrede nie? Ons almal doen!
Ware vrede is regtig net te vind in ‘n lewendige verhouding met die Prins van vrede. Jesus-vrede lyk anders as die wêreld se "vrede". Jesus-vrede is nie tydelik nie, maar ewig en onvoorwaardelik. Dit is die vrug van die Gees en is nie afhanklik van veranderlike omstandighede nie. Dit oortref alle begrip in stormtye.

Ons het toegang tot hierdie duursame (omvattend, standvastig en blywende) vrede as gevolg van die versoening wat Jesus se kruisdood vir ons bewerkstellig het. Dankie Here!!


Net soos Jesus, is ons geroep om vrede-MAKERS te wees en nie net die vrede te bewaar nie. (Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word - Matteus 5:9 AFR20).

Versoening bring vrede: versoening in ons verhouding met God en ander.

Watter verhoudinge in jou lewe is daar nie vrede nie? Miskien moet jy nes Jesus (eerste) die eie ek neerlê en die smal paadjie van nederigheid stap....

JEREMIA 33:6 AFR53
[6] Kyk, Ek laat vir (Tjokkies) genesing en gesondmaking tot stand kom en sal hulle gesond maak en aan hulle openbaar 'n **oorvloed van duursame vrede**.

# SNUFFELS


MAGALIES
APPLE-BERRY
46% Fruit Nectar Blend Concentrate
Happy Month of Love!
FROM MAGALIES BLOEMFONTEIN


OPEDAG 2026
C & N Sekondêre Meisieskool Oranje
27 FEB 2026
09:30-13:00
Registreer teen 20 Feb.
Volledige details:
www.bit.ly/opedag-2026
of skandeer die QR-kode